
S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEUR-DER REEKS
No. 9.
Sterf om Twaalfuur
braam le roux



# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

No. 9.
Sterf om Twaalfuur

braam le roux

Obed besef dat sy laaste uur aangebreek het. Hy skuif sy hande voor sy oë en wag vir die skoot. Hy weet dat niks hom nou kan red nie. Dit sal nie help om vooroor te val nie. Binne 'n sekond of wat sal die skoot knal, en die koeël sal waarskynlik sy hart deurboor.

Werner se rewolwerloop ruk effens omhoog en dan is daar skielik 'n klikgeluid. Die man staan haastig terug en gee 'n uitroep van teleurstelling. Obed beweeg blitsig vorentoe. Binne 'n gedeelte van 'n sekonde hwt hy besef dat daardie klikgeluid sy lewe gered het. Hy gooi hom vorentoe en dan volg nog 'n klikgeluid.

## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Afspraak met Bacchus | 3 |
| 2. | Wind op die Kruin | 15 |
| 3. | Vrou in Pers | 27 |
| 4. | Die Duiwel Praat | 38 |
| 5. | Swart Waters | 49 |
| 6. | Bewegende Skaduwees | 60 |
| 7. | Sterf om Twaalfuur | 72 |
| 8. | Deur die Nag | 83 |


Hoofstuk 1

# AFSPRAAK MET BACCHUS

Barend Sabastiaans stap vinnig, ongewoon vinnig. Die park se hekkie lê hier vlak by hom en hy wil daardie hekkie haal voordat een van sy makkers hom bespeur. Hy is vandag nie lus vir geselskap nie. . . Hy het gans 'n ander afspraak, 'n afspraak met Bacchus onder die bos.

Hy gaan vinnig oor die straat, maar dan spring hy weer haastig terug, want 'n motor slaan sy remme hier vlak by hom aan, en die toeter van die motor raas geweldig, so asof die motor in sy eie taal op Barend Sabastiaans skel.

Barend kyk verskrik op na die bestuurder agter die stuurwiel, 'n jong man met swart hare en bruin oë, maar die oë lyk nie kwaai soos Barend verwag het nie, maar vriendelik en daar is 'n bekende klank in die stem wat hom begroet.

,,My wêreld, Barend, is dit jy? Hoe gaan dit?''

Barend Sabastiaans tree stadig terug en hy lag selfbewus. Hy herken hierdie bestuurder van die groot motor dadelik. Dit is niemand minder as Obed de Swardt nie. Hy was saam met Obed op universiteit. Maar dit is die laaste man wat hy vandag hier wou raakloop. Eers dink Barend daaraan om voor die motor verby te steek, nors, en te maak asof hy Obed nie herken nie, maar hy het nog altyd van hierdie Obed-kêrel gehou en daarom antwoord hy:

,,Nee. . . nee. . . hoe sal ek sê. . . Obed? . . . Ek . . . ek meen dit gaan goed.''

Barend is baie selfbewus en hy probeer die bottel wyn in sy sak so stut dat dit darem nie te opvallend vertoon nie, maar hy is oortuig daarvan dat Obed se wakker oë die bottel reeds lankal bespeur het. Vir die eerste keer in baie jare voel hy selfbewus hier by die jong man in die deftige motor, en hy is ineens bewus van sy verslete, beoliede klere, sy opkrulskoene en die hare wat vuil en laag in sy nek hang.

Obed se oë bly egter vriendelik.

,,Klim in, Barend. Ek sal jou neem na waar jy wil wees.''

Hierdie uitnodiging laat Barend wip soos hy skrik, asof Obed iets verskrikliks aan die hand gedoen het. Die bottel in sy sak brand Barend nou. Hy mis liewer enige ding in die wêreld as om

die afspraak met die heerlike soet wyn uit te stel. Hy voel bewerig en naar en die regte ding is nou om heerlik op jou rug te gaan lê en die inhoud van die bottel stadig uit te suie, op jou gemak sonder bekommernis, sonder steurnis. En hier is nou die eerste steurnis.

„Nee. . . ek kan regtig nie, Obed, ek kan nie. Jy weet hoe dit is. . . jy weet. . ."

„Op pad werk toe?" help Obed hom uit die verleentheid. Hy gryp die ekskuus dadelik aan.

„Ek . . . ek is alreeds laat. Verskoon my. . ."

Taamlik rats wip Sabastiaans agter om die motor, en toe hy die teerstraat oorsteek, staar Obed hom agterna.

„Kom besoek my eendag, Barend. Jy weet mos waar ek bly."

Toe hy by die parkhekkie kom, draai Barend om en roep terug:

„Ek sal kom! . . . Ek sal kom, Obed, sodra ek geleentheid het!"

Dan gaan hy vinnig deur die hekkie, en Obed glimlag, 'n glimlag van meegevoel, sit weer sy motor aan die gang en ry stadig weg.

Barend Sabastiaans het baie tyd, dit weet Obed. Twee jaar lank lei Sabastiaans al 'n leeglê-lewe. Obed onthou dat almal daaroor gepraat het dat Sabastiaans, die eertydse kranige rugbyspeler van die universiteit en briljante sielkunde-student, 'n boemelaar geword het. Twee jaar gelede was hy nog student in die sielkunde vir die M.A.-graad. Hy het sy eksamen cum laudi deurgekom en toe is hy getroud. Obed het die mense hoor vertel dat Barend hom skatryk geërf het. Hy is oorsee met die vrou van hom, waar hy waarskynlik sy erfgeld uitgemors het. Iets het daar anderkant met Barend gebeur, want hy het 'n gebroke man teruggekeer, en toe het hy reeds straf gedrink. Obed wonder terwyl hy die straat afry, hoeveel van daardie erfporsie Barend nog oor het. Miskien is dit daardie geld wat hom in staat stel om af en toe nog 'n bottel te koop.

Barend Sabastiaans is vir Obed 'n tragiese geval en hy wens nou innig dat hy die man weer eendag sal raakloop.

Op hierdie oomblik loop Barend vinnig tussen die grasperke deur. Hy mik na die groot jakkalsbessieboom. Die takke van die boom hang laag op die grond, en Barend het al baie somernagte onder daardie oorhangende takke deurgebring. Niemand sien jou daar raak nie, tensy hy die takke lig en self onder die boom inkruip.



Daar staan een bank onder die jakkalsbessie en dit is leeg. Hierdie wete laat Barend se hart vinniger klop. As hy eers onder daardie takke ingekruip het, kan enigiemand maar kom sit, want dan is hy veilig. Daar wil hy die hele middag lê en slaap, sodra hy vrede gemaak het met hierdie bottel onder sy blad.

Barend dink net vir 'n paar oomblikke terug aan Obed de Swardt. Barend kom dikwels van sy ou vriende teen, maar die meeste groet hom nie, en die wat hom groet, doen dit so dat Barend duidelik kan sien dat hulle hom beskou as 'n man wat van sy varkies beroof is. Obed het egter nou net met hom gepraat soos in die dae van ouds, asof hy nog sy gelyke is.

Daar was 'n tyd toe Barend Sabastiaans ook 'n groot huis gehad het met baie ryk vriende. Dit was daar ver oor die waters, toe Mara nog syne was. Daardie selfde ryk vriende van ouds wat sy drankkabinet saam met hom help leeg drink het, skuur nou by hom verby, en eers as hulle verby is, draai hulle om en kyk hom agterna, die meeste met veragting duidelik op hulle gesigte te lees.

Nou het Barend Sabastiaans nog vriende, maar hulle is nie ryk nie; hulle is uitgeworpenes soos hy, wat saans op die ashope en in die parke slaap, as dit hulle vergun word. Barend is 'n soort koning onder hierdie boemelaarsvriende van hom, juis omdat hy nog 'n bietjie erfgeldjies het wat hy van tyd tot tyd by die prokureur kan gaan trek om die kele nat te hou. Maar vanoggend wil Barend daardie vriende van hom nie sien nie, teen elke prys nie, want sy toelaag is klaar en môre sal daar nie weer geld wees vir ene nie. Nee, hierdie bottel wat hy onder sy blad vasknyp, wil hy vanoggend alleen mee gesels.

Barend bereik die jakkalsbessie en gaan eers op die bank sit. Hy staar dan goed in die omgewing rond. Daar is nie baie mense in die tuin rond nie. Honderd tree van hom af is die tuinier met sy span besig, maar hy het nog nie eers eenkeer in sy rigting gekyk nie. 'n Vrou met haar babatjie sit en droom by die visdammetjie en verder aan stap mans in die paadjies heen en weer, van en na hulle werk.

Barend haal eers die bottel uit sy sak en dan rol hy dit onder die takke in. 'n Oomblik later duik hy agterna. Hy kruip tot teen die stam, waar die son kolle deur die anders digte takke maak. Hy gaan sit met sy rug teen die stam en begin die bottel te bewerk.

Reeds die eerste paar slukke bring verligting. As die voggies halfpad in die bottel lê, val hy half om en lê op sy sy. Daar verskyn 'n glimlag op sy gesig. Hy is seker dat hy nog nooit beter gevoel het as nou nie. Dit voel of hy berge kan versit. As hy Obed nou moes ontmoet het, sou hy nie selfbewus gewees het nie. O, die heerlike gevoel van wellewendheid! Geen mens lewe in so 'n wêreld van kamma werklikhede soos die dronklap nie, dink Sabastiaans met vreugde.

Hy maak sy oë half toe en lê en luister na die geluide van die park—die geskree van klein kindertjies by die skoppelmaaie, die gepraat van werkende swartes hier digby sy heerlike skuiling, en dan die verkeer van die stad soos die veraf gegrom van 'n monster.

Barend wou net indut toe hy iemand hier vlak by hom onder die boom hoor praat. Hy kom vinnig orent en stoot 'n klomp droë blare oor die half vol bottel. Nou probeer hy deur die blare na buite loer, maar hy sien niemand nie. Van die stemme kon hy egter aflei dat die persone op die bank hier onder die jakkalsbessie moet sit. Hy onderskei 'n heserige manstem en dan die bewerige stem van 'n meisie. Hy kan dadelik hoor dat die meisie ontstel is, opgewonde en selfs vreesbevange.

„Ek het dan gedink dit is klaar! Jy het my beloof dat dit klaar is!" hoor hy die meisiestem sê, en haar woorde is duidelik gelaai met emosie.

Barend glimlag en hy vly hom weer op die grond neer. Dit klink vir hom maar weer soos 'n vrou wat haar dronk man in die park betrap het, en hom nou herinner aan sy dure beloftes. As die arme mensdom maar wil besef dat die drinker se beloftes nie as beloftes bedoel is nie. Dit is 'n uitgemaakte saak dat hy dit sal breek, nog voordat hy dit gemaak het. Die antwoord van die man laat Sabastiaans egter weer orent kom:

„Hou op huil en bedwing jou. Jy weet natuurlik dat dit in jou eie belang is dat jy hierdie opdrag uitvoer. Doen jy dit nie, is jou hele loopbaan in gevaar."

Barend hoor duidelik hoe die meisie eers snik en dan sag ween.

„Jy bedoel, mnr. Neumann, ek het geen keuse nie. Ek moet dit doen. . . anders . . . anders . . ."

„Kom . . . kom, Helga, laat staan jou verspotte houding. Ek



sorg persoonlik dat jy goeie getuigskrifte kry, en Mev. Malherbe sal jou laat gaan."

„Maar ek is bang. . . bang!" fluister die meisie hees, en al kan Barend nie haar gesig sien nie, weet hy dat sy op die oomblik toe sy hierdie woorde uiter, werklik vreesbevange is.

Barend is nou die ene belangstelling. Dit is nie 'n man wat bloot 'n onderonsie met sy vrou het nie. Hier is 'n snaakse ding aan die gang. Hy krap sy bottel onder die droë blare uit, ontprop dit en druk dit teen sy lippe, sluk vinnig en maak dit dan weer toe, lê dit versigtig langs hom neer en skuif nader na die sprekers toe. Die man met die heserige stem is nou besig om die meisie te troos. Barend kan nie hoor wat hy sê nie, maar ná 'n rukkie praat hy weer harder:

„Bang! . . . Waarom moet jy bang wees? Jy het dit al vantevore gedoen en dit was vir jou die moeite werd. Hierdie keer sal dit weer vir jou die moeite werd wees."

„Maar . . . maar ek het nie meer geld nodig nie. . . Ek is tevrede waar ek is, by mev. Malherbe. Die eerste keer toe ek . . . toe ek daardie ding gedoen het . . . toe . . . my hemel, dit was Amerika, nie Suid-Afrika nie!"

Sy is weer opgewonde en die man maan haar tot versigtigheid.

„Praat sagter, Helga. Praat sagter."

Sy huil weer saggies.

„O, vader tog, kon jy my nie met rus laat nie?"

„Probeer jou regruk, Helga. Ná dese kan jy bedank en lekker gaan leef op die een of ander plattelandse dorpie—hierdie keer nie as huisbediende nie, maar as ryk vrou. Die maklikste deel van die taak is joue, die moeilikste deel laat jy aan my oor."

„Dit . . . dit is te verskriklik! . . . As hulle ons vang. . . sal daar geen genade wees nie."

„Hulle sal ons nie betrap nie. . . nooit nie! Nie die Suid-Afrikaanse Polisie nie. As ons die Amerikaanse speurders om die bos kon lei, kan ons dit ook met hierdie polisie doen. Daar is werklik niks om oor bekommerd te wees nie. Ek verseker jou, voer net jou opdrag uit en alles sal regkom."

Barend het nou soveel nader geskuif dat hy die twee hier op die bank kan sien, geen drie tree van hom af nie. Hulle sit met hulle rugge na hom. Die een is 'n man met 'n bruin reënjas aan. Hy het 'n hoed op die kop. Die meisie langs hom het koperbruin hare. Sy

is netjies aangetrek. Sy lyk nie vir Barend soos 'n diensmeisie nie. Net toe die man sy kop na die meisie toe draai, merk Barend op dat hy 'n groot swart bril dra.

,,Jy moet nie senuweeagtig wees nie, Helga,'' kom die hees stem van die man weer, hierdie keer gedemp, en Barend weet dat hy geen woord sou kon opgevang het nie as hy net 'n tree verder was nie. „Senuweeagtigheid kan net die hele saak bederf. Die hele organisasie is agtermekaar.''

Die meisie vryf haar hande aanhoudend ineen en sy draai na hom toe.

,,Wat . . . wat word van my verwag?''

,,Ek het jou dit reeds gesê. Daar is afgespreek dat jy Moria op die stasie ontmoet. Hy verwag jou daar. Vandaar gaan jy saam met hom na sy hotel. Hy gaan by die Windsor tuis. Jy kom dan na hierdie bos toe. Hier sal iemand wees om oor te neem. Dit sal vyfuur wees.''

Barend sien hoe dat die meisie 'n sakdoek in haar hande verfrommel en nou teen haar gesig druk.

,,En wat van mev. Malherbe? . . . Hoe . . . hoe kan ek haar diens verlaat. . . sommer so goedsmoeds?''

,,Jy sê vir haar net dat jy wil gaan rus. Op dieselfde dag dat jy Moria ontmoet, verlaat jy die Malherbes se huis met vakansie. Jy sê haar selfs waarheen jy gaan, en nadat jou taak voltooi is, gaan jy ook soontoe. Ek sal jou die volgende dag op Wonderwater, die vakansie-oord naby Rustenburg, kry. Dan sal jy jou geld ontvang en nooit weer diensmeisie hoef te speel nie.''

Die meisie druk haar hande voor haar oë.

,,Ek sal duisend keer eerder wil sterf!'' roep sy uit. ,,Net die gedagte daaraan is te verskriklik!''

,,Kom . . . kom. Die ding wat jy in Amerika gedoen het, was veel erger, veel erger.''

,,Ek weet. . . ek weet, maar ek het Suid-Afrika toegekom om te vergeet. . .''

,,En die Amerikaanse speurders te ontglip. . . en onthou . . . ek het dit vir jou moontlik gemaak.''

,,Kon jy nie iemand anders gekry het nie, mnr. Neumann?'' Die man met die donker bril lag skor.

,,Nee, jy is die geskikste, die allergeskikste.''

,,Dit is vandag Woensdag. Dit beteken ek moet mev. Malherbe



se diens reeds Vrydag verlaat.''

,,Doodreg. En daardie selfde dag ontmoet jy Moria. En om vyfuur is jy hier by die boom.''

Die meisie staan nou op en Barend sien dat haar oë rooi gehuil is, blou oë. Barend skuif haastig agteruit, want as hulle nou in sy rigting hier in die bos kyk, moet hulle hom sien. Die takke raas effens wanneer hy agteruit kruip, en op daardie oomblik staan ook die man op en hy kyk vinnig tussen die takke in. Barend sien egter nie dat die man met die swart bril reg na hom toe kyk nie. Hy het alreeds weer die bottel beet en druk dit nou senuweeagtig voor sy mond. Hy is bewus van die feit dat hy iets belangriks afgeluister het; dat hy aangehoor het hoe 'n misdaad beplan word. Hy twyfel nie daaraan dat dit 'n misdaad is wat beplan is nie, en die meisie is 'n onwille helper.

,,Haai, jy daar!'' skree die man met die hees stem skielik, en Barend Sabastiaans wip soos hy skrik. Hy ruk die bottel van sy mond af weg en verstik in die sterk vog.

Toe hy eindelik weer opkyk, staan die man hier teen die takke, en hy sien die meisie skuins agter hom, haar oë groot gerek en bang.

,,Kom hier, boemelaar!'' beveel die man met die bril. Net vir 'n oomblik sien Barend sy oë agter daardie gekleurde glase flikker en dan pak 'n skielike bangheid hom beet. Hy kruip haastig na die anderkant toe, sleep sy bottel saam, en binne enkele oomblikke peul hy aan die anderkant uit. Hy wou net die hasepad kies, toe die geheimsinnige man met die hees stem en swart bril agter hom praat.

,,Jy hoef nie bang te wees nie, boemelaar. . . Ek is 'n vriend van sukkelaars. Dé, hier is vir jou geld vir nog 'n bottel.''

Barend Sabastiaans steek vas. Hy sien die tien rand noot in die man se hand. Sy eie half vol bottel het weer in sy verslete sak gegly. Verby is Sabastiaans se skielike opwelling van vrees. Daar die tien rand in die vreemdeling se hand verteenwoordig minstens vyf bottels, vyf. . . . vyf bottels drank. En hoe welkom is dit nie noudat sy toelagie uitgeput is.

Hy staan stil en die man stap tot by hom.

,,Dé, vat. . . Gaan koop vir jou brandewyn. Jy werk seker nie?''

Barend glimlag en hy kry ineens 'n plan.

,,Is dit om my stil te maak?''

Barend sien hoe dat die man frons. Barend verbaas hom vir die smal voorkop van die persoon, die dun lippe en die uitermate gladde gesig. Die persoon lyk nog jonk.

,,Jy bedoel jy het ons gesprek afgeluister?'' vra die man en begin lag.

Barend steek sy bors uit.

,,Ek het elke woord gehoor. . . elke woord.''

,,En wat maak jy daarvan?'' kom dit skielik saaklik en uit die hoogte.

,,Ek kan natuurlik daarvan aflei wat ek wil.''

,,Jy is alte intelligent vir 'n boemelaar,'' kom dit laggend van die vreemdeling. Hy steek die geld weer in sy sak. Dan haal hy sy beursie uit en haal ongeveer vyftig rand daaruit te voorskyn. Barend Sabastiaans se oë rek groot toe hy die geld sien.

,,Hier . . . hier is vir jou iets groters. Tevrede?''

Met 'n selfvoldane glimlag neem Barend die geld en prop dit in sy verslete broeksak. Hy kry nou ander gedagtes, en op hierdie oomblik dink hy nie eers meer aan die gesprek wat hy woord vir woord afgeluister het nie.

,,Baie dankie. . . Dit is welkom. Vanaand sal ek vir 'n verandering whisky kan gaan drink.''

,,Waar bly jy, boemelaar? . . . Of is dit nie nodig om te vra nie?''

Die vreemdeling bly steeds vriendelik, en Barend kan sweer dat hierdie man geen jaar ouer as twintig is nie.

,,Bly?. . . Natuurlik soms hier. . . soms daar.''

,,Kom drink vanaand op my onkoste whisky. Kom nou saam. My motor is hier by die hek.''

Dit voel vir Barend asof hy skielik vernaam geword het.

,,Nee, dankie. . . Hierdie vyftig rand is voorlopig genoeg. Ek sal jou weer skakel as ek iets nodig het.''

Barend kyk hom sonder vrees aan.

,,Waar sal jy my kry, boemelaar?''

,,O, ja, ek het vergeet. . . Waar bly jy?''

Die vreemdeling se dun lippe sprei tot 'n breë glimlag.

,,Ek is soos jy . . . Vandag hier. . . Môre daar.''

Barend kyk om hom heen en hy kom nou eers agter dat die meisie die hasepad gekies het. Daar loop baie mense in die park



rond. Die meeste is vroue met babas.

,,Dan neem ek maar hier afskeid,'' kom dit spottend van Barend wat nou op sy lekkerste voel.

,,Ons gesels nog te lekker. Wat is jou naam?''

,,Barend Sabastiaans. Joue?''

,,Ek is Neumann . . . Jy het mos die gesprek afgeluister. Ek neem jou dit nie kwalik nie. Dis is jou voordeel. Waar daardie vyftig rand in jou sak vandaan kom, is nog baie meer.''

,,Dankie vir die wenk. Dit lyk of die geluk my getref het.''

,,Ek het vir jou werk as jy dit wil aanneem—heerlike sagte werk—waarin jy nog genoeg tyd sal kry om te drink.''

,,Al is werk hoe sag, droom ek nie om te werk nie. Tot siens.''

Barend Sabastiaans is nou heerlik aangeklam en ook ver in die wolke. Hy stap nie swaar nie. Sy rukkerige stappie van vanoggend het in 'n flinke beweging verander, dank sy die drank wat helend op sy drankdeurweekte liggaam ingewerk het.

Toe Barend deur die hekkie gaan, sien hy dat die man hom nog steeds agterna staar. Barend kry groot lag en hy mompel hier tot homself:

,,Ek weet iets van jou waarmee ek jou lieflik kan melk, maar ek kan sommer sien dat jy 'n gevaarlike kalant is. Wil my motor toe lok! Nie vir Barend nie, mnr. Neumann.''

Barend stap reguit kroeg toe. Hy was lanklaas in 'n hotelkroeg. Gewoonlik koop hy sy bottel of twee per dag en verkas dan na die parkie of na die koppies agter die stasie, maar vandag gaan hy weer vir 'n verandering die warme geselskap van mede-drinkers smaak. Vandag kan van sy mede-flenteraars ook weer saam drink.

Toe hy die laaste entjie pad na die hotel toe aflê, wonder hy wat dit is wat hierdie Neumann die meisie forseer om te doen. Dit is duidelik dat dit die een of ander misdaad is wat van haar verwag word. Maar wat? Hy begin wonder of hy nie by die speurders moet instap en hulle van die gesprek vertel nie. Maar hy sal later daaroor besluit. Ruik hulle drank aan hom, neem hulle hom dalk net selle toe, en vandat Barend Sabastiaan al vier keer weens dronkenskap in die swartgeverfde selle van John Vorster-plein geslaap het, is hy doodbang vir enige uniform.

Wat gaan volgende Vrydag gebeur? Watter misdaad het Neumann beplan? En wie is hy presies?

Hierdie vrae kan Barend glad nie uit sy gedagtes daar langs die